AVERT 200 EW

Act No. 36 of 1947 / Wet Nr. 36 van 1947
SA Reg. No. L10773 / NAM Reg. No. N-AR 2111

READ ATTACHED PACKAGED LEAFLET BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS

GROUP	3	FUNGICIDE

PRODUCT INFO:
An emulsion oil in water systemic fungicide for the control of diseases on crops as listed.

PRODUK INFO:
'n Emulsie olie in water sistemiese swamdoder vir die beheer van siektes op gewasse soos gelys.

DANGER

HAZARD STATEMENTS:
May be fatal if swallowed and enters airways.
Causes skin irritation.
May cause an allergic skin reaction.
Causes serious eye damage.
May cause respiratory irritation.
Suspected of damaging fertility or the unborn child.
Toxic to aquatic life with long lasting effects.

PRECAUTIONARY STATEMENTS:
Wear protective gloves, protective clothing, eye, and face protection.
Wash hands, face, and exposed skin thoroughly after handling. Do not touch eyes.

Active Ingredient / Aktiewe Bestanddeel

Penconazole (triazole) **200 g/ℓ** **Penkonasool (triasool)**

Net (ℓ) SEE CONTAINER

Registration Holder / Registrasiehouer

ICA International Chemicals (Pty) Ltd. • Reg. No. 2001/013319/07
28 Planken Street • Plankenbrug Industrial • STELLENBOSCH • 7600 • SOUTH AFRICA
Tel. +27-21 886 9812 • www.icaonline.co.za

What is GHS?

Batch No. Date of Manufacture Expiry Date	**SEE CONTAINER**	Lot Nr. Datum van Vervaardiging Vervaldatum

In case of poisoning, call the following number: Human Poison Helpline +27-861 555 777
Emergency number: Griffon Poison Information Centre +27-82 446 8946

Group III UN No. / VN Nr. 3082 SAN-PZ004

AVERT 200 EW

Wet Nr. 36 van 1947
SA Reg. Nr. L10773 / NAM Reg. Nr. N-AR 2111

'n Emulsie olie in water sistemiese swamdoder vir die beheer van siektes op gewasse soos gelys.

AKTIEWE BESTANDDEEL:
Penkonasool (triasool) ..... 200 g/ℓ

GEREGISTREER DEUR:
ICA International Chemicals (Pty) Ltd., Reg. Nr. 2001/013319/07
Plankenstraat 28 • Plankenbrug Industrieël • Stellenbosch • 7600 • Suid-Afrika
Tel. +27-21 886 9812 • www.icaonline.co.za

WAARSKUWINGS

Mag dodelik wees indien ingesluk en in lugweg beland
Veroorsaak velirritasie
Mag allergiese velreaksie veroorsaak
Veroorsaak ernstige oogskade
Mag lugwegirritasie veroorsaak
Vermoede dat dit vrugbaarheid of die ongebore kind beskadig
Baie giftig vir waterlewende organismes
Giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge

ONTHOUDINGSPERIODES (Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes):

- *Ertjies en Mange touts* ..... *7 Dae*
- *Ertjies (groenvoer)* ..... *14 Dae*
- *Kernvrugte* ..... *14 Dae*
- *Pampoengewasse* ..... *7 Dae*
- *Rissies* ..... *7 Dae*
- *Steenvrugte* ..... *14 Dae*
- *Tafel- en Wyndruiwe* ..... *14 Dae*
- *Tamaties* ..... *0 Dae*

Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes sal verseker dat die plaaslike maksimum residu limiete (MRL) nie oorskry word nie, maar mag dalk nie voldoen aan die invoervereistes van ander lande nie. Indien die gewas wat behandel gaan word, bestem is vir uitvoer, skakel met die betrokke invoerder of uitvoerliggaam rakende die gebruik van hierdie produk, die MRL en aanbevole onthoudingsperiodes. Alhoewel **AVERT 200 EW** as gewasveilig beskou word op die meeste belangrike kultivars, beteken dit nie dat 'n meer sensitiewe kultivar in die toekoms op die mark kan kom nie. **AVERT 200 EW** moet eers getoets word op nuwe kultivars voordat dit oor groot areas aangewend word.

HERBETREDINGSINTERVAL: Moenie behandelde gebied binnegaan vir een dag na behandeling nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mens of dier of vir 'n gebrek aan doeltreffendheid, as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

Indien mediese advies benodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.
Hou buite bereik van kinders.
Verkry, lees en volg alle veiligheidsinstruksies voor gebruik.
Vermy inaseming van stuifsel/dampe/spuitstof.
Was hande en blootgestelde vel deeglik na hantering. Moet nie aan oë raak nie.
Gebruik slegs buitenshuis of in 'n goed geventileerde area.
Besoedelde werksklere moet nie buite die werksplek toegelaat word nie.
Vermy vrystelling in die omgewing.
Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oog- en gesigbeskerming.
INDIEN INGESLUK: Kry onmiddellik mediese noodhulp. Moet nie vomering induseer nie.
INDIEN OP VEL: Was met skoon water en nieskurende seep.
Indien velirritasie of uitslag ontstaan: Kry mediese hulp.
INDIEN INGEASEM: Neem slagoffer na vars lug en hou gemaklik vir asemhaling. Verkry mediese hulp indien jy ongesteld voel.
INDIEN IN OË: Spoel onmiddellik met water vir etlike minute. Verwyder kontaklense, indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met spoel. Kry mediese hulp.
INDIEN blootgestel of besorg, verkry mediese advies.
Vir spesifieke behandeling verwys na noodhulpbehandeling op hierdie etiket.
Trek alle besoedelde klere uit en was dit voor hergebruik.
Maak stortsel bymekaar.
Berg in 'n goed geventileerde plek. Hou houer dig gesëel.
Berg agter slot en grendel.
Raak ontslae van inhoud en houer volgens nasionale regulasies.

SPOEL LEË HOUER DRIE KEER AS VOLG: Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes totdat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houer drie keer na mekaar met een kwart van die houer volume vars water en giet die spoelwater in die spuit- of mengtenk. Kap gate in die drie keer gespoelde houer, waarna dit aan ʼn goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za). Moenie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

Penkonasool (Cas no: 66246-88-6) Akute Giftigheid Mondelings Kategorie 4, H302; Waterlewend Akuut Kategorie 1, H400; Waterlewend Kronies Kategorie 1, H410; Reproduktiewe giftigheid Kategorie 2, H361(D) (20 % m/v).
Oplosmiddel nafta (petroleum) (Cas no: 64742-94-5) Inasemingsgevaar Kategorie 1, H304 (10 – 30 % m/v).
N,N-Dimetieldekaan-1-amied (Cas no: 14433-76-2) Velirritasie Kategorie 2, H315; Ernstige Oogirritasie Kategorie 2, H319; Spesifieke Teikenorgaan-giftigheid eenmalige blootstelling Kategorie 3, H336; Waterlewend Kronies Kategorie 3, H412 (< 10 % m/v).
N,N-Dimetieloktanamied (Cas no: 1118-92-9) Velirritasie Kategorie 2, H315; Ernstige Oogskade Kategorie 1, H318 (< 10 % m/v).
Alkohol alkoksilaat (Cas no: 131594-92-8) Velirritasie Kategorie 2, H315; Waterlewend Akuut Kategorie 1, H400; Waterlewend Kronies Kategorie 2, H411 (< 10 % m/v).
Poli(oksi-1,2-etaandiyl) (Cas no: 70559-25-0) Waterlewend Kronies Kategorie 3, H412 (< 10 % m/v).
1,2-bensisotiasolien-3-oon (Cas no: 2634-33-5) Vel Sensitisering Kategorie 1, H317; Waterlewend Akuut Kategorie 1, H400 (< 1 % m/v).

NOODHULPBEHANDELING

Ingeval van ʼn ongeluk of as u onwel voel, verkry mediese hulp dadelik en wys ETIKET indien moontlik.

INGEASEM:	• Neem die slagoffer weg van die onmiddellike bron van blootstelling. Verskuif die slagoffer na vars lug as dit veilig gedoen kan word en hou gemaklik. Indien die slagoffer ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe. • MOENIE mond-tot-mond-asemhaling toepas indien die slagoffer die stof opgeneem of ingeasem het nie; was gesig en mond voordat kunsmatige asemhaling toegepas word. Dien suurstof toe as die slagoffer se asemhaling moeilik of onreëlmatig is. Verkry mediese hulp indien jy ongesteld voel.
VEL:	• Verwyder en isoleer besmette klere, skoene en leergoedere dadelik en gaan stort. • Spoel aangetaste areas ONMIDDELLIK met nieskurende seep of sagwerkende wasmiddel en groot hoeveelhede lopende water. • Was besmette klere voor hergebruik. Kry mediese hulp indien irritasie ontwikkel en voortduur.
OË:	• Spoel oë ONMIDDELLIK met skoon lopende water vir ten minste 15 minute terwyl die ooglede vanmekaar gehou word. Verwyder kontaklense na 5 minute indien aanwesig en maklik om te doen. Hou aan met spoel terwyl ooglede vanmekaar gehou word. • Kry mediese hulp indien irritasie voortduur.
OPNEMING:	• Indien ingesluk, verkry onmiddellik mediese noodhulp. MOENIE vomering aanmoedig nie, tensy deur ʼn gifbeheersentrum of dokter aangesê word om dit te doen. Laat persoon slukkies van ʼn glas water neem indien in staat om te sluk. • Moet nooit iets per mond aan ʼn bewustelose persoon toedien nie. Indien vomering plaasvind, hou aan vloeistowwe gee.
NOTA AAN GENEESHEER:	• Daar is nie ʼn spesifieke teenmiddel nie. Alle behandeling moet gebaseer word op waargenome tekens en simptome van nood by die pasiënt.
MOONTLIKE GESONDHEIDSGEVOLGE:	• Gevolge van blootstelling (inaseming, opneming of velkontak) aan stof kan vertraag wees.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstand bestuur: AVERT 200 is ʼn FRAC groepkode (**3**) triasool swamdoder. Enige populasie van ʼn spesifieke swam mag individue insluit wat ʼn natuurlike weerstand teen **AVERT 200 EW** of enige ander FRAC groepkode (**3**) swamdoders het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **AVERT 200 EW** of enige ander FRAC groepkode (**3**) swamdoders beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes,
- raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander swamdoder groepkodes,
- integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamsiekte beheerprogramme.

Waar herhaalde toedienings benodig word, moet **AVERT 200 EW** in ʼn spuitprogram toegedien word in twee (2) blokke van twee (2) toedienings elk. Gebruik ander geregistreerde swamdoders uit verskillende chemiese klasse vir die res van die spuitprogram. Verwys na elke individuele produketiket vir toedienings besonderhede.

WERKINGSWYSE

Penkonasool (triasool) is ʼn sistemiese swamdoder met beskermende, genesende en uitwissende aksie. Penkonasool werk deur die selwande van swamme te beïnvloed deur spoorontkieming en swamgroei te onderdruk.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

Verwys na die **GEBRUIKSAANWYSINGS** vir enige beperkings tydens toediening.

GEBRUIKSAANWYSINGS – gebruik slegs soos aangedui

VERENIGBAARHEID:

Hoewel **AVERT 200 EW** oor die algemeen verenigbaar is met meeste landbouchemiesemiddels, word ʼn fisiese mengbaarheidstoets (fles toets) altyd aanbeveel voor gebruik, aangesien mengbaarheid beïnvloed word deur faktore soos verdunningswater gehalte en produk formulering.

MENGINSTRUKSIES:

Maak mengtenk halfvol met skoon water. Skud die **AVERT 200 EW** houer en voeg die aanbevole hoeveelheid **AVERT 200 EW** by spuitbak terwyl geroer word om ʼn homogene emulsie te vorm.

Indien ʼn ander produk ook bygevoeg moet word: Voeg die produkte by die ½ van die water in die volgende volgorde: Indien mengmaats in wateroplosbare sakkies verpak word, moet die wateroplosbare sakkies eerste bygevoeg word, gevolg deur benatbare poeiers, water oplosbare korrels, suspensie konsentrate, emulsifiseerde konsentrate, soos **AVERT 200 EW** en oplosbare konsentrate laaste. Voeg skoon water by tot die verlangde vlak terwyl voortdurend geroer word. Maak seker dat vermenging deeglik plaasvind en roer mengsel konstant voor en tydens toediening. Die aangemaakte

spuitmengsel moet dadelik gebruik word en nie gelaat word om vir enige bepaalde tydperk, bv. oornag te staan nie. Maak alle toerusting deeglik skoon na gebruik en gooi afvalwater weg waar dit nie die omgewing sal besoedel nie.

TOEDIENINGSMETODE:

Lugtoediening: Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing wat gespuit word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie toelaat dat die spuitnewel oor water dryf of daaroor spuit of dat dit die aanliggende gebied besoedel nie. **AVERT 200 EW** kan slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel van 30 – 35 ℓ per hektaar word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppelbedekking: 25 – 35 druppels / cm^2 moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 – 300 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 – 4 m. Moet nie spuit wanneer vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 – 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droë-boltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/h oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
  a) verlaagde doeltreffendheid aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
  b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Verkry 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

GEWAS AANBEVELINGS:

In die geval van reën twee uur na toediening, of voordat die spuitneerslag heeltemal droog geword het, moet die toediening herhaal word.

TOEDIENINGSTABEL		
GEWAS en SIEKTE	**DOSIS per 100 ℓ water (of soos aangedui)**	**OPMERKINGS**
ERTJIES EN MANGE TOUTS **Poeieragtige meeldou** (*Erysiphe pisi*)	110 mℓ/ha **AVERT 200 EW** Grondtoediening: Dien toe in tenminste 500 ℓ water/ha Lugtoediening: Dien toe in 30 ℓ water/ha	1. Dien **AVERT 200 EW** in 'n voorkomende spuitprogram toe. Begin toediening wanneer siekte verwag word of sodra die eerste siekte simptome waargeneem word. 2. Herhaal aanwendings met 10 – 14 dae intervalle in tye van gunstige kondisies wat siektevoorkoms bevorder. **Ertjies:** Moenie meer as vier (4) toedienings per seisoen oorskry nie. **Mange Touts:** Moenie meer as twee (2) toedienings per seisoen oorskry nie.
KERNVRUGTE **APPELS** **Poeieragtige meeldou** (*Podosphaera leucotricha*)	6.25 mℓ **AVERT 200 EW**	1. Dien grondtoediening toe as 'n voldekbespuiting Óf alternatiewelik gebruik die boomry volume (**BRV**) berekening soos onder aangegee. 2. Vir poeieragtige meeldou beheer op appels, begin met voorkomende beheerprogram toedienings by die pienk stadium, in 10 – 14 dae intervalle. Deeglike bedekking noodsaaklik.
APPELS **Skurfsiekte** (*Venturia inaequalis*) **PERE** **Skurfsiekte** (*Venturia pirina*)	12.5 mℓ **AVERT 200 EW** **PLUS** **Onverwante breë spektrum swamdoder [a], soos mankoseb of kaptan, teen die geregistreerde dosis**	1. Dien grondtoediening toe as 'n voldekbespuiting of alternatiewelik gebruik die boomry volume (**BRV**) berekening soos onder aangegee. 2. Begin 'n voorkomende beheerprogram tydens groenpunt, en dien toe in 'n 7-dag interval spuitprogram tot en met die einde van blom. 3. Dien toe in 'n 14-dag interval spuitprogram gedurende die na-blom stadium. 4. Indien 'n betroubare siektevoorspellings sisteem beskikbaar is, kan addisionele kuratiewe toedienings gemaak word binne 4 dae na die begin van 'n infeksieperiode. 5. Vier toedienings van **AVERT 200 EW** kan toegedien word per seisoen (in twee blokke, met twee toedienings elk). 6. Dit word aanbeveel om gedurende Desember te verander na 'n voorkomende kontak swamdoder.

Water volume (ℓ) per hektaar benodig vir voldekbespuiting volgens boomry volume (BRV) berekening:

- **BRV** (Groenpunt tot +/- 30 % blom)

  ℓ water/ha = [(Boomhoogte X Boomdeursnit X 937)/Rywydte] X 60 %

- **BRV** (Volblom tot +/- middel November)

  ℓ water/ha = [(Boomhoogte X Boomdeursnit X 937)/Rywydte] X 80 %

- **BRV** (Volle Blad)

  ℓ water/ha = (Boomhoogte X Boomdeursnit X 937)/Rywydte

Gebruik die water volume per hektaar om die hoeveelheid **AVERT 200 EW** per hektaar benodig, te bepaal. Dit is belangrik dat die korrekte hoeveelheid **AVERT 200 EW** per hektaar toegedien word.

Lae Volume Aanwending:
Wanneer 'n lae volume aanwending gebruik word, gebruik dieselfde hoeveelheid **AVERT 200 EW** per hektaar soos bereken vir die voldekbespuiting.

PAMPOENGEWASSE **Poeieragtige meeldou** (*Podosphaera fusca* = sin. *Podosphaera xanthii* (voorheen *Sphaerotheca fuliginea*) en *Golovinomyces cichoracearum* (voorheen *Erysiphe cichoracearum*)	22.5 mℓ **AVERT 200 EW** Grondtoediening: Dien toe in tenminste 500 ℓ water/ha	1. Dien **AVERT 200 EW** in 'n spuitprogram toe en begin sodra eerste siekte simptome waargeneem word. 2. Dien daaropvolgende behandelings elke 14 dae toe solank toestande gunstig vir siekteontwikkeling is. Moenie meer as vier (4) toedienings per seisoen oorskry nie. 3. Wissel af met 'n swamdoder van 'n ander FRAC groepkode.
RISSIES **Poeieragtige meeldou** (*Leveillula taurica*)	45 mℓ **AVERT 200 EW** of 225 mℓ/ha **AVERT 200 EW** Grondtoediening: Dien toe in tenminste 500 ℓ water/ha	1. Dien **AVERT 200 EW** in 'n spuitprogram toe, begin sodra eerste siekte simptome waargeneem word. 2. Dien daaropvolgende behandelings elke 14 dae toe. Moenie meer as twee (2) toedienings per seisoen oorskry nie. 3. Dit word aanbeveel om met 'n swamdoder vanuit 'n ander FRAC groepkode bv., azoxystrobin 250 SC, elke 7 dae af te wissel.
STEENVRUGTE **Poeieragtige meeldou** (*Sphaerotheca pannosa* = sin. *Oidium leucoconium*)	12.5 mℓ **AVERT 200 EW**	1. Dien **AVERT 200 EW** as 'n voldekbespuiting in 'n spuitprogram toe. Begin toediening wanneer siekte verwag word of sodra die eerste siekte simptome waargeneem word. 2. Dien in blokke van twee (2) opeenvolgende toedienings, 10 – 14 dae uitmekaar, toe. Die tweede blok kan 4 weke na die eerste blok toegedien word, inagneming van die 14-dag onthoudingsperiode. Swamdoders met verskillende werkingswyses moet tussen die twee bloktoedienings gebruik word. 3. Dien in genoegsame water volumes toe om deeglike en voldoende bedekking te verseker. 4. Moenie meer as vier (4) toedienings per seisoen oorskry nie.
TAFEL- EN WYNDRUIWE **Poeieragtige meeldou** (*Oidium tuckeri*)	15 mℓ **AVERT 200 EW** 10 – 14 dag intervalle Of 22.5 mℓ **AVERT 200 EW** 18 – 21 dag intervalle	**Dien toe as 'n Voldekbespuiting.** 1. Begin spuitprogram wanneer die eerste lote 100 – 250 mm lank is, gebruik die hoër dosis wanneer intervalle langer as 14 dae tussen behandelings is. 2. **AVERT 200 EW** kan vier (4) keer in 'n spuitprogram per seisoen toegedien word. 3. Dit word aanbeveel dat die spuitprogram 2 – 3 keer in die seisoen aangevul word met 'n geregistreerde swael[a] toediening. **Water Volume Benodig vir Voldekbespuiting:** TAFELDRUIWE: Verhoog spuitvolume van 500 ℓ/ha met eerste toediening (lote 100 – 250 mm lank) geleidelik tot 1 200 ℓ/ha. WYNDRUIWE: Verhoog spuitvolume van 250 ℓ/ha met eerste toediening (lote 100 – 250 mm lank) geleidelik tot 1 000 ℓ/ha met ertjie-korrelgrootte. Handhaaf hierdie spuitvolume vir die res van die seisoen.
TAMATIES **Poeieragtige meeldou** (*Leveillula taurica*)	45 mℓ **AVERT 200 EW**	1. Dien **AVERT 200 EW** as 'n hoë volume bespuiting in 'n voorkomende spuitprogram toe, begin wanneer siekte verwag word of sodra die eerste tekens van siekte waargeneem word. 2. Dien daaropvolgende behandelings elke 7 – 10 dae toe, solank toestande gunstig vir siekteontwikkeling is. Moenie meer as vier (4) toedienings oorskry nie. 3. Dien in genoegsame water volumes toe om deeglike en voldoende bedekking te verseker. **Aandag**: Vrugte moet heeltemal droog wees teen die tyd wat dit geoes word.

[a] Gebruik slegs geregistreerde produkte in spuitprogram.

AVERT 200 EW

Act No. 36 of 1947
SA Reg. No. L10773 / NAM Reg. No. N-AR 2111

An emulsion oil in water systemic fungicide for the control of diseases in crops as listed.

ACTIVE INGREDIENT:
Penconazole (triazole) ..... 200 g/ℓ

REGISTERED BY:
ICA International Chemicals (Pty) Ltd., Reg. No. 2001/013319/07
28 Planken Street • Plankenbrug Industrial • Stellenbosch • 7600 • South Africa
Tel. +27-21 886-9812 • www.icaonline.co.za

WARNINGS

May be fatal if swallowed and enters airways
Causes skin irritation
May cause an allergic skin reaction
Causes serious eye damage
May cause respiratory irritation
Suspected of damaging fertility or the unborn child
Very toxic to aquatic life
Toxic to aquatic life with long lasting effects

WITHHOLDING PERIODS (Minimum number of days between last application and harvest):

- *Cucurbits* ..... *7 Days*
- *Peas and Mange touts* ..... *7 Days*
- *Peas (green fodder)* ..... *14 Days*
- *Peppers* ..... *7 Days*
- *Pome fruit* ..... *14 Days*
- *Stone fruit* ..... *14 Days*
- *Table and Wine Grapes* ..... *14 Days*
- *Tomatoes* ..... *0 Days*

Compliance with these withholding periods and below application instructions will ensure that residues do not exceed local maximum residue limits (MRL) but may not meet the import requirements of other countries. If the crop to be treated is intended for export, consult the relevant importer or exporting body regarding the use of this product, MRL and recommended withholding periods. Although **AVERT 200 EW** is regarded as crop-safe on most of the important cultivars, this does not mean that a more sensitive cultivar might be available in future. **AVERT 200 EW** must be tested on fruit of new cultivars prior to general usage.

RE-ENTRY INTERVAL: Do not enter treated area for one day after application, unless wearing protective clothing.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions, because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, and the environment or harm to man/animal or for lack of performance of the remedy concerned, due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions, which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

If medical advice is needed, have product container or label at hand.
Obtain, read, and follow all safety instructions before use.
Avoid breathing mist/vapours/spray.
Wash hands and exposed skin thoroughly after handling. Do not touch eyes.
Use only outdoors or in a well-ventilated area.
Contaminated work clothing should not be allowed out of the workplace.
Avoid release to the environment.
Wear protective gloves/protective clothing/eye and face protection.
IF SWALLOWED: Get emergency medical help immediately. DO NOT induce vomiting.
IF ON SKIN: Wash with plenty of clean water and non-abrasive soap.
If skin irritation or rash occurs: Get medical help.
IF INHALED: Remove person to fresh air and keep comfortable for breathing. Get medical help if you feel unwell.
IF IN EYES: Immediately rinse with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing. Get medical help.
IF exposed or concerned, get medical advice.
For specific treatment, see first aid measures.
Take off contaminated clothing and wash it before reuse.
Collect spillage.
Store in a well-ventilated place. Keep container tightly closed.
Store locked up.

Dispose of contents and container in accordance with national regulations.

TRIPLE RINSE THE EMPTY CONTAINER AS FOLLOWS: Invert empty container over the spray or mixing tank and drain for at least 30 seconds until the flow has slowed down to a drip. Triple rinse the empty container with clean water equal to a minimum of 30 % of the volume of the container. Add rinsing to the contents of the spray or mixing tank. Puncture the triple rinsed container and dispose of via an approved collector or recycler (www.croplife.co.za). Do not bury, burn or donate the container to any other parties that may use it as a container for food or beverages.

RELEVANT SUBSTANCES:
Penconazole (Cas no: 66246-88-6) Acute Oral Toxicity Category 4, H302; Aquatic Acute Category 1, H400; Aquatic Chronic Category 1, H410; Reproductive Toxicity Category 2, H361(D) (20 % w/v).
Solvent naphtha (petroleum) (Cas no: 64742-94-5) Aspiration Hazard Category 1, H304 (10 – 30 % w/v).
N,N-Dimethyldecan-1-amide (Cas no: 14433-76-2) Skin Irritation Category 2, H315; Eye Irritation Category 2, H319; STOT SE Category 3, H335; Aquatic Chronic Category 3, H412 (< 10 % w/v).
N,N-Dimethyloctanamide (Cas no: 1118-92-9) Skin Irritation Category 2, H315; Eye Damage Category 1, H318 (< 10 % w/v).
Alcohol alkoxylate (Cas no: 131594-92-8) Skin Irritation Category 2, H315; Aquatic Acute Category 1, H400; Aquatic Chronic Category 2, H411 (< 10 % w/v).
Poly(oxy-1,2-ethanediyl) (Cas no: 70559-25-0) Aquatic Chronic Category 3, H412 (< 10 % w/v).
1,2-benzisothiazol-3-one (Cas no: 2634-33-5) Skin Sensitization Category 1, H317; Aquatic Acute Category 1, H400 (< 1 % w/v).

FIRST AID MEASURES

In case of accident or if you feel unwell seek medical advice immediately and show this LABEL where possible.

INHALATION:	· Remove the victim from immediate source of exposure. Move victim to fresh air, if it can be done safely, and keep comfortable. If victim's breathing has stopped, perform artificial respiration. · DO NOT perform mouth-to-mouth resuscitation if victim ingested or inhaled the substance; wash face and mouth before giving artificial respiration. Administer oxygen if victim's breathing is difficult or irregular. · Get medical help if you feel unwell.
SKIN:	· Remove and isolate contaminated clothing, shoes, and leather goods immediately and take a shower. · Rinse affected areas IMMEDIATELY with non-abrasive soap or mild detergent and large amounts of running water. · Wash contaminated clothing before reuse. Get medical help if irritation develops and persists.
EYES:	· Rinse eyes IMMEDIATELY with clean running water for at least 15 minutes, while holding eyelids apart. Remove contact lenses after 5 minutes if present and easy to do. Continue rinsing while holding eyelids apart. · Seek medical help if irritation continues.
INGESTION:	· If swallowed, get emergency medical help immediately. DO NOT induce vomiting, unless instructed to do so by poison control center or doctor. Have person sip a glass of water if able to swallow. · Never give anything by mouth to an unconscious person. If vomiting does occur, keep on giving fluids.
NOTE TO PHYSICIAN:	· There is no specific antidote. All treatments should be based on observed signs and symptoms of distress in the patient.
POTENTIAL HEALTH EFFECTS, ACUTE AND DELAYED	· Effects of exposure (inhalation, ingestion, or skin contact) to substance may be delayed.

RESISTANCE WARNING

For resistance management: AVERT 200 EW is a FRAC group code (**3**) triazole fungicide. Any fungal population may contain individuals naturally resistant to **AVERT 200 EW** and other FRAC group code (**3**) fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungal population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **AVERT 200 EW** or any other FRAC group code (**3**) fungicides.

To delay fungicide resistance:

- avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different fungicide group codes,
- for tank mixing or alternation with products in other fungicide group codes, refer to individual product labels,
- integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

Where repeated applications are required, **AVERT 200 EW** should be applied in a spray programme with two (2) blocks of two (2) applications each. Use other registered fungicides from different chemical classes in the rest of the spray programme. Refer to each individual product label for application detail.

MODE OF ACTION

Penconazole (triazole) is systemic fungicide with protective, curative and eradicant action. Penconazole works by affecting the cell walls of fungi by suppressing spore germination and fungal growth.

USE RESTRICTIONS

Refer to **DIRECTIONS FOR USE** for any use restrictions.

DIRECTIONS FOR USE – use only as directed

COMPATIBILITY:
AVERT 200 EW is generally compatible with other agricultural chemicals, but compatibility can be influenced by factors such as dilution water quality and product formulations. It is therefore recommended to always first perform a physical compatibility test (jar test) prior to application.

MIXING INSTRUCTIONS:
Half fill the mixing tank with clean water. Shake the **AVERT 200 EW** container and add the required quantity of **AVERT 200 EW** to the spray tank while agitating to obtain a homogeneous emulsion.

When preparing a tank mixture while agitating the spray tank water, add the compatible products to ½ of the water in the following sequence: If mixing partners are packed in water-soluble bags, add the soluble bags first followed by wettable powders, water dispersible granules, suspension concentrates, emulsifying concentrates such as **AVERT 200 EW** and soluble concentrates last. Top up the mixing tank with the rest of the required quantity of clean water whilst agitating. Ensure mixing is complete and agitate constantly before and during application. The prepared spray mixture must be used immediately

and not be left in the spray tank for any length of time, e.g., overnight. Clean all equipment thoroughly after use and dispose of wastewater without polluting the environment.

APPLICATION METHOD:

Aerial Application: Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the required warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate water or adjacent areas. Aerial application of **AVERT 200 EW** may only be done by a registered aerial application operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- Volume: A spray mixture volume of 30 – 35 ℓ per hectare is recommended (also refer to application table). The product has not been evaluated at reduced volume rates and the registration holder cannot guarantee efficacy or held responsible for any adverse effects if the product is applied aerially at a lower rate than recommended above.
- Droplet coverage: 25 – 35 droplets / cm^2 must be recovered at the target area.
- Droplet size: A droplet spectrum with a VMD of 280 – 300 micron is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 micron (high drift & evaporation potential) to a minimum.
- Flying height: Maintain the height of the spray boom at 3 – 4 m above the target. Do not spray when aircraft is diving, climbing or when banking.
- Use suitable atomizing equipment that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible relative span.
- Position all the atomizers within the inner 60 – 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.
- The differences in temperature between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8 °C.
- Stop spraying if the wind speed exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under turbulent, unstable, and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
  a) reduced efficacy due to evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage),
  b) damage to other sensitive crops and/or non-target drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met, and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

CROP RECOMMENDATIONS:

In case of rain two hours after spraying or before the spray deposit has fully dried, re-apply the treatment.

APPLICATION TABLE		
CROP and DISEASE	**DOSAGE per 100 ℓ water (or as indicated)**	**REMARKS**
CUCURBITS **Powdery mildew** (*Podosphaera fusca* = syn. *Podosphaera xanthii* (previously *Sphaerotheca fuliginea*) and *Golovinomyces cichoracearum* (previously *Erysiphe cichoracearum*)	22.5 mℓ **AVERT 200 EW** Ground application: Apply in at least 500 ℓ water/ha	1. Apply **AVERT 200 EW** in a spray programme, commencing when the first signs of the disease are noticed. 2. Apply follow-up applications for as long as the conditions favour development of the disease at 14-day intervals. Do not exceed more than four (4) applications per season. 3. Alternate with a fungicide from a different FRAC group.
PEAS AND MANGE TOUTS **Powdery mildew** (*Erysiphe pisi*)	110 mℓ/ha **AVERT 200 EW** Ground application: Apply in at least 500 ℓ water/ha Aerial application: Apply in 30 ℓ water/ha	1. Apply **AVERT 200 EW** in a preventative spray programme, commencing when disease is expected or when the first signs of the disease are noticed. 2. Apply follow-up applications for as long as the conditions favour development of the disease at 10 – 14 day intervals. **Peas:** Do not exceed more than four (4) applications per season. **Mange Touts:** Do not exceed more than two (2) applications per season.
PEPPERS **Powdery mildew** (*Leveillula taurica*)	45 mℓ **AVERT 200 EW** or 225 mℓ/ha **AVERT 200 EW** Ground application: Apply in at least 500 ℓ water/ha	1. Apply **AVERT 200 EW** in a spray programme, commencing when the first signs of the disease are noticed. 2. Apply follow-up application at 14-day intervals. Do not exceed more than two (2) applications per season. 3. It is recommended to alternate with fungicides from different FRAC groups e.g. Azoxystrobin 250 SC every 7 days.
POME FRUIT **APPLES** **Powdery mildew** (*Podosphaera leucotricha*)	6.25 mℓ **AVERT 200 EW**	1. Apply a ground application as a full cover spray or alternatively use the tree row volume (**TRV**) calculation below. 2. For powdery mildew control on apples, commence preventative spray programme applications at the pink stage, with 10 – 14 day spray intervals. Ensure complete coverage.

APPLES **Scab** (*Venturia inaequalis*) **PEARS** **Scab** (*Venturia pirina*)	12.5 mℓ **AVERT 200 EW** **PLUS** **Unrelated broad spectrum fungicides** [a] **at the registered rate such as mancozeb or captan.**	1. Apply a ground application as a full cover spray or alternatively use the tree row volume (**TRV**) calculation below. 2. Begin the preventative scab control programme at green tip and apply in a 7-day spray programme up to the end of blossoming. 3. During the post-blossom stage, apply in a spray programme with 14-day intervals. 4. When a dependable disease prediction system is available, additional curative applications can be made within 4 days of onset of an infection period. 5. Four (4) applications of **AVERT 200 EW** can be applied per season (in two blocks, with two applications each). 6. It is recommended to change to a preventative contact fungicide spray programme during December.

Water volume (ℓ) per hectare required for full cover spray using tree row volume (TRV) calculation:

- **TRV** (Green tip to +/- 30 % blossom)

  ℓ water/ha = [(Tree Height X Tree Diameter X 937)/Row Width] X 60 %
- **TRV** (Full blossom to +/- middle November)

  ℓ water/ha = [(Tree Height X Tree Diameter X 937)/Row Width] X 80 %
- **TRV** (Full leaf)

  ℓ water/ha = (Tree Height X Tree Diameter X 937)/Row Width

Use the water volume per hectare to calculate the required amount of **AVERT 200 EW** required per hectare. It is important that the correct amount of **AVERT 200 EW** per hectare is applied.

Low Volume Application:
When a low volume spray is used, use the same amount of **AVERT 200 EW** per hectare as calculated for the full cover spray.

STONE FRUIT **Powdery mildew** (*Sphaerotheca pannosa* = syn. *Oidium leucoconium*)	12.5 mℓ **AVERT 200 EW**	1. Apply **AVERT 200 EW** as a full cover spray in a spray programme, commencing when disease is expected or when the first signs of the disease are noticed. 2. Apply in blocks of two (2) consecutive applications, 10 – 14 day days apart. The second block can be applied 4 weeks after the first block, adhering to the 14 days PHI. Fungicides with different mode of actions must be used between the two block applications. 3. Apply in sufficient volume of water, to ensure thorough and complete coverage. 4. DO NOT exceed more than four (4) applications per season.
TABLE AND WINE GRAPES **Powdery mildew** (*Oidium tuckeri*)	15 mℓ **AVERT 200 EW** 10 – 14 day intervals Or 22.5 mℓ **AVERT 200 EW** 18 – 21 day intervals	**Apply as a Full Cover Spray:** 1. Start spray programme when the first shoots are 100 – 250 mm long, and use the higher rate when intervals exceed 14 days between treatments. 2. Four (4) applications of **AVERT 200 EW** can be applied per season in a spray programme. 3. It is recommended to supplement the spray programme with a sulphur [a] application, as registered, 2 – 3 times during the season. **Water Volume Required for Full Cover Spray:** **TABLE GRAPES:** Increase spray volume from 500 ℓ/ha at first application (shoots 100 – 250 mm long) progressively to 1200 ℓ/ha. **WINE GRAPES:** Increase spray volume from 250 ℓ/ha at first application (shoots 100 – 250 mm long) progressively to 1000 ℓ/ha at pea berry stage. Use this rate for the rest of the season.
TOMATOES **Powdery mildew** (*Leveillula taurica*)	45 mℓ **AVERT 200 EW**	1. Apply **AVERT 200 EW** as a high-volume application in a preventative spray programme, commencing when disease is expected or when the first signs of the disease are noticed. 2. Apply follow-up applications for as long as conditions favour development of the disease at 7 – 10 day intervals. Do not exceed more than four (4) applications. 3. Apply in sufficient volume of water, to ensure thorough and complete coverage. **Please note**: Fruit must be completely dry at harvest.

[a] Only use registered products as registered in spray programmes.